



24 Maart 2020

Goeiemiddag

Die Dagbestuur het vanoggend vergader om die uitwerking van die president se aankondiging van 'n noodtoestand op ons gemeente te bespreek.





Die volgende besluite is geneem:

1. Kerkaktiwiteite en eredienste

Alle kerkaktiwiteite word van vandag af gestaak tot verdere kennisgewing. Dit sluit bidure, wyksbyeenkomste, vergaderings en alle geskeduleerde byeenkomste in.

Geen begrafnisse kan in hierdie tyd gehou word nie. 'n Troosdiens sal moet oorstaan tot die noodtoestand opgehef is.

Tot verdere kennisgewing word eredienste gestaak. Ons twee leraars sal om die beurt 'n boodskap opneem en via YouTube aan lidmate beskikbaar stel. Inligting daarvoor sal versprei word sodra dit beskikbaar is.

2. Omsien na mekaar

Lidmate word aangemoedig om ingestel te wees op behoeftes in die omgewing. Begin byvoorbeeld 'n WhatsApp-groep tussen die bure sodat ons van mekaar kan weet en mekaar kan ondersteun. Ons moet sosiale afstand hou, maar mekaar emosioneel bly ondersteun.

3. Leraars

Ons leraars is te alle tye telefonies en per e-pos beskikbaar. Hier is hulle kontakbesonderhede:

Ds. Steven Sass

072 352 8347

sasssteven@hotmail.com

Dr. Chris Malan

072 198 7279

drchrismalan@outlook.com

4. Finansies

Die opskorting van eredienste beteken dat die bankkollekte waarvoor begroot is en ook die maandelikse dankoffers geraak word. Die werksaamhede van die gemeente, soos die werk van Diens van Barmhartigheid, moet egter voortgaan. Ons wil lidmate aanmoedig om bankoffers deel van hul maandelikse bydrae te maak.

Die gemeente se bankbesonderhede :

ABSA

Rekeningnaam: NG Kerk Kleinmond

Takkode: 334-812

Rekeningnommer: 322-015-0320

'n Tweede opsie is natuurlik SnapScan. Ds. Jannie het vir ons mooi verduidelik hoe dit werk:

KONTANTLOSE DANKOFFERS?

Besef jy ook soms Sondagoggend: ek het nie genoeg kontant in my beursie vir my dankbaarheid in die erediens nie? Jy kan nou elektronies jou dankoffer gee met *SnapScan* en jou selfoon (wat op in die kerk *silent* gestel is! 😊)

As *SnapScan* nog nie op jou foon is nie, gaan (by die huis) soos volg te werk:



1. Maak *Google Play Store* oop en kies om *SnapScan* te installeer. Kies dan *Open*. iPhones kry die toep natuurlik by hulle elektroniese "winkel."

2. Kies *OK* om die toep toe te laat om met jou foon te kan werk. Kies oral *Allow*. Voer dan jou e-posadres in en *Submit*. Die program sal jou lei om die nodige veiligheidstappe te voltooi en jou gegewens in te vul.

3. Die volgende stap is om jou bankkaart in te voer. *SnapScan* neem sommer 'n foto daarvan. Sorg dat die randjie om die kaart op die toep heeltemal groen is. As dit nie gebeur nie, kies die *Keyboard* opsie en vul al die nommers wat gevra word in. Maak ook seker dat jou kaart toestemming en 'n limiet het vir telefoontransaksies. Dit word by jou internetbanktoep gedoen. Jy sal ook 'n PIN vir *SnapScan* moet kies (en onthou!)





4. Die *SnapScan*-ikoon sal iewers op jou foon se aangesig wees. Gebruik dit om die toep oop te maak vir 'n transaksie. Kies dan die blou kamera-ikoon en skandeer ons blokkode in die Kerkklok. Vul die bedrag in en kies die opsie waarnatoe die geld betaal moet word.
5. Ons kry dadelik kennis van die betaling én spaar self baie op bankkoste.

Dankie!

Die Adminkommissie.



Ons kode:



5. Kerkkantoor en kommunikasie

Die kerkkantoor is gesluit tot verdere kennisgewing. Die kantoorpersoneel is te alle tye telefonies bereikbaar:

Nienie Burger:

028 271 3470

083 757 9896

nelineburger@gmail.com

Elizna Hogan:

028 271 3268

eliznahogan@gmail.com

Daar sal steeds elke Vrydag 'n **Enigste Gelui** uitgaan om lidmate in kontak te hou met wat in die gemeente aangaan. Lidmate is ook baie welkom om nuus te stuur wat in die Enigste Gelui opgeneem kan word.

Daar sal ook via die webwerf en facebook gekommunikeer word,

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

Facebook: NGK Kleinmond.

Om direk met die kerkraad te kommunikeer:

ngkkleinmond@gmail.com

6. Hoe leef ons tydens 'n noodtoestand?

Op 'n besondere manier herontdek ons in sulke tye die Here se trou en genade. Ons moet veral nou bly bid en dien. Ons reik telefonies uit na mekaar en ondersteun mekaar emosioneel.

Ons kan Communitas se wenke wat verlede week in die Eerste Gelui was, onthou:

WENKE VAN COMMUNITAS

(Communitas is die sentrum vir voortgesette teologiese onderrig)

Geloofsdissiplines wat ons kan help in 'n tyd soos hierdie (wat ook lydenstyd is).

1. Afsondering [solitude] i.p.v. isolasie.. Jesus het gereeld na 'n plek toe gegaan om alleen te wees.

2. Vas i.p.v. opgaar – dit is 'n ideale tyd om ons verbruik te evalueer en doelbewus te verminder en van sekere kosse en items te vas.

3. Gebed ons bid vir lande en dienste en mense.

4. Stilte – dis 'n tyd waar ons almal angstig wag, vir nuus en vir mediese oplossings. As gelowiges is dit veral 'n wag op die Here waar ons ons vertrouwe op Hom plaas

5. Offervaardigheid – dis so belangrik om te verstaan dat ons almal ekonomies swaarder kry. Dis nou die tyd om 'n mededeelsame ekonomie te help groei.

6. Hoop – leef daagliks opnuut vanuit die hoop in Christus. Hoop dissipleneer jou om nie paniekerig of afstandelik teenoor die nood te staan nie.